NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  Magaliesberg Jeugkampterrein: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

17 Maart 2023: Nr 10/2023

Warmnuus

DEERNIS – BEGRIP – WAARDERING

In verlede week se Verskil is daar reeds berig oor sake wat die Sinodale Diensraad (SDR) se eerste vergadering op 8 Maart ter tafel was. In hierdie week se beriggewing word daar enkele sake bygevoeg en gemeentes word versoek om seker te maak dat hierdie sake ook deeglik onder lidmate se aandag gebring word.

FOKUS '23

Die SDR het na deeglike besinning 'n memorandum van die dagbestuur (moderatuur) getiteld, Fokus vir 2023, goedgekeur waarin o.a. die volgende gesê word:

"Die moderatuur het tot die slotsom gekom dat die uiters onseker en vloeibare omstandighede wat ons tans beleef, inderdaad besondere vlugvoetigheid en dinamiese optrede vra van die SDR in haar rol as die leierskorps van die Noordelike Sinode. Die moderatuur is dus van mening dat i.p.v. meerdere fokusareas vir die hele vierjaar termyn, ons eerder elke jaar 'n spesifieke fokusarea voortvloeiend uit die tema, *"Wysheid in 'n tyd soos hierdie"* moet formuleer en daarmee moeite moet doen. Dit beteken nie dat ons ander belangrike sake moet nalaat nie, maar dat ons besondere energie moet genereer vir die saak waarop ons fokus.

Na baie deeglike oorweging van alle insette is die moderatuur daarvan oortuig dat "Wysheid vir 2023" van ons vra dat ons fokus moet wees om mekaar vas te hou. Die moderatuur het in haar besinning diep onder die indruk gekom dat ons moet streef na **deernis** vir mekaar, want deernis lei tot **begrip** en begrip lei tot **waardering.**"

Kliek hier vir die volledige memorandum.

Die SDR wil al die gemeentes versoek om in 2023 te fokus op die tema: **"HOU MEKAAR VAS"**

PINKSTER 2023

Een van die maniere hoe die SDR meen dat om ***mekaar vas te hou*** prakties gestalte kan vind, is deur te vra dat in soverre as wat dit moontlik is, alle gemeentes vanjaar oor dieselfde tema Pinkster hou. Die keuse het op Jesus se gebed, die ONSE VADER, geval. Die SDR het daarom ook 'n taakspan onder leiding van Bernice Serfontein in die lewe geroep, wat teen einde April pinkstermateriaal gereed sal hê om deur gemeentes gebruik te word.

MAAK 'N VERSKIL

Predikante, kerkraadslede en lidmate het die geleentheid om 'n verskil te maak deur hulle gewig by taakspanne in te gooi. Gedurende die vorige termyn 2016-2022 was daar 320 mense betrokke by sinodale taakspanne.

Die SDR het by haar laaste vergadering 30 taakspanne aangewys vir 2023. Dit sluit o.a. die volgende in:

- Hoe die kerk moontlik oor tien jaar sal lyk?
- Die beeld van die kerk;
- Vroeë kinderontwikkeling;
- Werkskepping;
- Ekologie;
- Jeug;
- Bejaardesorg;
- Etiese leiding;
- Tegnologie.

Kliek hier vir 'n volledige lys van al die taakspanne en ander relevante inligting.

Navrae kan aan die direkteur, Paul Grobler, gerig word (082 653 5734/paul@noordsin.co.za).

Persone wat deel wil word kan hulle besonderhede vir Hermien Swart stuur (hermien@noordsin.co.za).

RENTMEESTERSKAP



By die SDR-vergadering is daar ook met groot dankbaarheid kennis geneem van gemeentes se bydraes vir gesamentlike werk in die afgelope finansiële jaar. Gemeentes se bydraes is die resultaat van lidmate se offervaardigheid en daarvoor het die SDR die hoogste waardering. Die SDR is verder baie dankbaar dat hierdie bydraes dit moontlik maak dat 76% van die Noordelike Sinode se begroting vir bedieningsondersteuning gebruik word soos wat die grafiek hiernaas aantoon. Dit sluit o.a. hulpverlening aan gemeentes wat finansieel swaar trek, in. Daar word ook steeds moeite gedoen om uitgawes sover moontlik te beperk en daarom is die SDR ook dankbaar dat die uitgawes in die nuwe finansiële jaar na verwagting met 2,5% sal verminder.

Sinodenuus

❖ Tekslees met 'n verskil

Dinsdag 21 Maart (11:00) - **1 Samuel 16:1-13**
Zoom: https://us06web.zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478 / Passcode: 453371
Kontak: *Kobus Myburgh* [083 227 7185] vir meer inligting.

❖ Kerkorde en aanvullende bepalings

Na aanleiding van navrae wat ontvang is in verband met die Kerkorde, plaas ons die volgende skakels wat gebruik kan word:
1. 2016 Noordelike Sinode: **Kliek hier**
2. Wysigings ten opsigte van die Noordelike Sinode se kerkorde 2016, soos goedgekeur by die Sinodesitting van 16-20 Oktober 2022. **Kliek hier**.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Hartseer

Yvette Bosman [Derdepoort] se ma is oorlede.

❖ Bevestigings

<<< Jan Botha (emeritus en voorheen van Mootvallei) is verlede Sondag *12 Maart*, in 'n vastetermynpos van 9 maande in **Petronella** bevestig.

>>> Hennie van Schalkwyk (emeritus en voorheen van Vryheid-Wes) word op Saterdag, *1 April*, in 'n vastetermynpos van 3 jaar by **Môregloed** bevestig.

<<< Trix Truter (emeritus) word op Sondag *16 April*, as brugleraar in **Waterberg** bevestig.

❖ Verjaarsdagwense

19/03 Jan van den Berg [emeritus]
20/03 Chris Nel [emeritus]
23/03 Roelf Opperman [Emeritus]
Nadine Bronkhorst [Rustenburg-Bergsig]
23/03 Dawie Swart [emeritus]
25/03 Deon Strauss [Rustenburg-Proteapark]

19/03 Dot Olivier [eggenote van Johan, emeritus]
21/03 Liezel Smit [eggenote van Francois, Pretoria]
22/03 Dorette Horn [eggenote van Ernes, Wonderboom]
24/03 Petra Strydom [eggenote van Stéphan, Dalunie]
25/03 Elna de Bruyn [eggenote van Tienie, Montana]
Diederik van der Berg [eggenoot van Surina, Montana]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae

Louis Trichardt [23/03/1906]
Warmbad [22/03/1922]
Petronella [23/03/1955]
Pretoria-Tuine [24/03/1955]
Rooihuiskraal [24/03/1985]
Hulp en Hoop [23/03/1986]

Louis Trichardt word vanjaar 117 jaar oud.

❖ Kremetart

Ons nuutste gemeente

Die gemeentes *Pietersburg-Oos* en *Bendorpark* het op Sondag *12 Maart* een geword. Hulle nuwe naam is *Kremetart Gemeenskapskerk*, met Tjaart Meyer as predikant. Hulle gaan die kerkkompleks van Pietersburg-Oos as gemeentetuiste gebruik.

❖ Nylstroom-Oos

Simfonia Juventi: Jeugsimfonieorkes

Datums:
14 April (14:00 vir 14:30) – R50 pp;
15 April (17:30 vir 18:00) – R100 pp.
Navrae: 082 413 7115

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram vir 2023: Kliek hier. **Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / http://www.excelsus.org.za/

Lentekonferensie *19-21 September 2023.* **VBO-punte** 30**.**

Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing

Dink nuut oor jou bediening

Spesiaal gerig op **predikante in die middelfase van hulle bediening**. **Kliek hier** vir volledige inligting.
Die modules wat vanjaar aangebied word, is die volgende:

- *9-11 Mei* **- *Hoe lees ons die Bybel?*** Inligting volg binnekort.
- *24-26 Okt.* **- *Wie is God?*** Inligting volg binnekort.

Inskrywings: Kliek op die skakel en voltooi die vorm: https://forms.gle/3XvnAgKnjgeMEw126. **VBO-punte** 270.

❖ Hugenote Kollege

Bedienaarskursus in gemeenskapsdiakonaat

Die kursus rus gemeentelede en -leiers toe met vaardighede om die bediening van bamhartigheid vanuit 'n missionale kerkverstaan in te rig. Belangstellendes kan by www.hugenote.com registreer.
Datum: *24 April 2023 – September 2024*.
Navrae: Nioma Venter, nioma@kaapkerk.co.za.

Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode

Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

❖ Bybel-Media

Nuwe vrystelling: Om Christus beter te leer ken kan jou lewe verander

Ons wil Jesus sien fokus op die ryk en vreemde veelkantigheid van Jesus se lewe en veral van sy werk. Teenoor die veels te algemene neiging om Jesus tot net een aspek van sy werk te reduseer (gewoonlik die verlossing deur die kruis) glo die skrywers van hierdie boek daar is veel meer aan Jesus. Hy red ons nie net met een deel van sy lewe nie, het Calvyn al gesê, maar met sy héle lewe. **Skrywers**: Coenie Burger en Marius Nel
* Koop aan: www.bybelmedia.org.za / * Stuur e-pos: bestel@bmedia.co.za / * Skakel: 021 864 8211.

Naskrif

I don't want to be better than anyone. I don't want to win in any way that makes others lose … Harmony is, at its heart, a state and a stage that loves solidarity, not supremacy.

--Brian D. Mclaren--